Herald Sport

Potjie saam met VKB

Gholfmanne kom speel Rolbal

VKB, een van die grootse landbou organisasies in SA vat hande met Heilbron Gholfklub en borg volgende naweek 'n gholfdag hier. Die dag sal in groue VKB tradisie 'n grote wees met baie pryse op die spel. Inskrywings is R 250 en sluit halfweg en aandete in.

Die ligaspan verloor teen Reitz 10 punte teen 8, maar moet ter versagting gesê word dat hulle net met 5 spelers gespeel het, die rede: Kom ons los dit daar.

Die Rolbal het gholfers uitgedaag vir 'n potjie rolbal Maandag 30 April om 16:00 by die bane. Dit is gratis en daar is kerrie en rys te koop teen R20.

Verlede Saterdag se Pa en Seun dag is gewen deur Leonard Strydom met 38 punte met Johan Weilbach wat tweede was met 29. Die opkoms was swak met ligaspelers wat ook nie teenwoordig was nie.

Die naweek is daar baie tyd vir gholf met al die vakansiedae op hande, Vrydag en Dinsdag is die vleisdae by die klub. Inskrywings vanaf 11:00.

Die geldpot kan maar net nie gewen word nie en word Donderdag aand voor die langnaweek gehou. R3 000 is op die spel en daar sal ook beeshaas *stir fry* verkoop word teen R30.

Ruiterklub Nuus

Op Saterdag, 21 April het die Heilbron Ruiterklub 'n heerlike, sonnige herfsrit gehad. Daar was saam perd gery op die plaas Hilltop van Faans en Dia Pretorius.

Die volgende rit sal plaasvind op Saterdag, 19 Mei 2018 in die Petrus Steyn omgewing. Die gasvrou vir die dag is Hannetjie Enslin. Vir enige verdere navrae kan een van die bestuurslede gekontak word: Corne van der Merwe by 083 306 0357, Christi Boshoff by 073 141 8009 of Nonna Roos by 072 698 6575. Volg gerus die Facebook-blad, Heilbron Ruiterklub vir inligting.

Vrystaat Jagersvereniging Riemland Prysskiet

21 April 2018

Die Jagtersvereniging wil net elke borg ten harte bedank. Sonder hulle sou die suksesvolle dag nie moontlik gewees het nie. Senwes, VKB, BKB, Bonus, Shalom, Roos Meubels, Global Grain&Water, Sanjo's, Spar Heilbron, Star Slaghuis, Heilbron Abbatoir, Commercial drankwinkel, Wenkem en Frans Muller.

Dan ook net hartlike dank aan Spur vir die nuwe windkous. Koos van Niekerk (jnr) en (snr) vir die nuwe *highway* skietbaan toe. Connie van Niekerk vir sny van die gras. Pierre Erasmus met die hulp van Pakworks se manne, vir die skoonmaak Vrydag.

Die Jagtersvereniging het ook vier gelukstrekkings gedoen en die wenners daarvan was: Kobus Fourie, Pierre Kemp, Rudie van Niekerk en Isak Bosman. Die klub bedank dan ook die bestuur en al die organiseerders vir 'n suksesvolle dag. Die wenners van die dag: Handwapen: 1ste Isak Bosman, 2de Frans Muller en 3de Pierre Botha. Haelgeweer: 1ste Arnold Engelbrecht, 2de Isak Bosman en 3de Paul Keogh. .22 Geweer: 1ste Arnold Engelbrecht, 2de Corjan Roos en 3de Paul Keogh. Jaggeweer: 1ste Isak Bosman, 2de Liezel Engelbrecht en 3de Edward Muller. Algeheel:1ste Isak Bosman, 2de Arnold Engelbrect en 3de Liezel Engelbrecht.

Op die foto van die skuts wat die dag bygewoon het.



En dan het ons ook grappenderwys die swakste skut van die dag, Wybrandt du Toit beloon met 'n kettie.

JAARPROGRAM : 2018
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
27 APRIL - 1 MEI	HUNTEX	
28 APRIL	CHASA INTERVERENIGING SPORTSKIET KOMPETIESIE	
26 MEI	CHASA KWALIFISERING / VERBETERING	09:00
26 MEI	VRYSTAAT JAGTERS INTERTAK SPORTSKIET KOMPETIESIE	
2 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER CHASA SPORTSKIET	10:00

Posbus 294
Eerwaarde Kokstraat
Heilbron, 9650

BLOEMDRé VERVOER
VAKANTE POS
ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

Bloemdrè Vervoer beskik oor bogenoemde uitdagende vakature. Die pos behels, o.a. die onderstaande funksies:-
- Op-datum-hou van die vlootlys
- Bestuur van vervaldatums van padwaardigheidsertifikate en voertuiglisensies
- Uitreik van werkskaarte
- Vaslegging op rekenaarstelsel van alle werkskaartdata, ritstate, brandstofuitreikings en bandevervangings
- Voorbereiding van maandverslae en vragkilometers van drywers
- Bestel van diesel/onderdele/bande
- Administreer van tolgelde
- Verifiëring van fakture

Van geskikte kandidate word die volgende vereistes en eienskappe verwag:-
- Minimum kwalifikasie van graad 12
- Motorbestuurslisensie
- Rekenaarvaardigheid (veral kennis van Pastel en Excel)
- Goeie menseverhoudinge en kommunikasievaardighede
- Ten volle tweetalig
- Goeie analitiese vaardighede
- Moet effektief onder druk kan werk
- Betroubaar en lojaal
- Verantwoordelik en stiptelik
- Vriendelik, netjies en samewerkend

Handig u CV in by Linette Mynhardt (Selnommer 071 885 4316) te Bloemdré Vervoer, Eerwaarde Kockstraatnr. 23, Heilbron of E-pos na: bloemdre@heilbron.co.za

Sluitingsdatum: 4 Mei 2018

SPERTYD VIR VRYDAE SE HERALD ARTIKELS & ADVERTENSIES IS WOENSDAE OM 10:00

BKB Louwid NOORD
Die komende weke se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 30 APRIL 2018
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling.
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DONDERDAG - 3 MEI 2018
FRANKFORT Weeklikse veiling.
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling.
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 4 MEI 2018
STANDERTON Weeklikse veiling.
Kontak MJ Lourens 072 515 3549

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

MAANDAG - 7 MEI 2018
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling.
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 8 MEI 2018
KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Wimpie Kriel 083 378 8285

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Oosthuyzen 083 309 2341

WOENSDAG - 9 MEI 2018
WESSELSBRON : DORLOU DORMERS
STAAK SKAAPBOERDERY
530 Dormers
11:00, Bloudrif, Wesselsbron
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

VRYDAG - 11 MEI 2018
STANDERTON Weeklikse veiling.
Kontak MJ Lourens 072 515 3549

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT : MWS SIMBRA
(NETS TURVEY SNR & MARTHINUS SWART)
475 Simbras
11:00, Dunedin, Frankfort
Kontak Gert Burger 082 822 1952

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

BKB LOUWID